Resultate persverklaring vir die ses maande geëindig 31 Desember 2023

REMGRO SE VERDIENSTE GERAAK DEUR DIE IMPAK VAN KORPORATIEWE TRANSAKSIES EN ’N UITDAGENDE BEDRYFSOMGEWING

- **Wesensverdienste per aandeel: af met 39.1% vanaf 626 sent tot 381 sent**
- **Uitgesluit die impak op wesensverdienste van verskeie korporatiewe transaksies, het wesensverdienste met 13.1% afgeneem**
- **Tussendividend per aandeel: 80 sent (onveranderd)**
- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel soos op 31 Desember 2023: af met 4.6% tot R236.95 sedert 30 Junie 2023**

Die tweede helfte van 2023 is wêreldwyd gekenmerk as ‘n tydperk van makro-ekonomiese en geopolitieke onstabiliteit, meedoënlose inflasionêre druk, grootliks as gevolg van ontwrigtings in verskaffingskettings en swak ekonomiese groei. In die Suid-Afrikaanse konteks is die tydperk se globale druk vererger deur die welbekende kragverskaffingsbeperkinge, die agteruitgang in staatsinfrastruktuur ten opsigte van vervoer en logistiek, die stadige pas van ekonomiese en strukturele hervormings, hoë rentekoerse en ‘n algemene erosie van buitelandse beleggersvertroue in die land. Die saamgestelde effek van al hierdie faktore is regoor Remgro se portefeuljemaatskappye ervaar, wat ‘n ongelooflike uitdagende bedryfsomgewing geskep het waardeur gestuur moes word. As ‘n groep het Remgro hard gewerk om eksterne druk te verminder in die mate wat dit kan.

‘n Bedryfsagtergrond, soos dié, vereis ‘n gedissiplineerde benadering tot dit wat die groep kan beheer, terwyl langtermyn-groeigeleenthede nie uit die oog verloor word nie. Gevolglik is hierdie tussentydperk gekenmerk deur konsolidasie ten einde onlangs voltooide verkrygings vas te lê in die groep se struktuur en hul bedrywighede te optimaliseer. Die proses het ook ‘n verskerpte fokus behels op omkeerstrategieë en ‘n positiewe momentum vir Remgro se kern- en groeibates, waaronder Mediclinic Group Beperk (Mediclinic), Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH), RCL Foods Beperk (RCL Foods) en Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods). Remgro het wisselende vlakke van sukses in hierdie verband ervaar, gegewe die verskillende integrasie-tydraamwerke van die onlangse transaksies, en die impak daarvan, asook die genuanseerde wyse waarop makro-ekonomiese faktore sy portefeuljemaatskappye geraak het. Die bedryfsomgewing begin tekens van matige herstel toon en Remgro is goed geposisioneer om geleenthede te benut wat die ekonomiese siklus bied, hoewel sy onmiddellike prioriteit bly om die vertoning van sy onderliggende portefeuljemaatskappye te maksimaliseer en volhoubare waarde vir aandeelhouers te ontsluit. Dit sal Remgro in staat stel om sy strategiese doelwit te verwesentlik om ‘n betroubare beleggingsmaatskappy van keuse te wees.

Terwyl verskeie transformerende transaksies in die 2023-kalenderjaar deur Remgro voltooi is as deel van die optimalisering van sy portefeulje, bly die groep gefokus op ‘n gunstige uitkoms in die voorgestelde transaksie tussen Vodacom Eiendoms Beperk (Vodacom) en CIVH. Jannie Durand, HUB van Remgro, lewer soos volg kommentaar op die voorgenome transaksie: “*Saam met die bestuurspanne van CIVH en Vodacom, glo ons in die waarde van hierdie transaksie; die voordele wat dit kan ontsluit vir alle belanghebbendes as dit suksesvol afgehandel word. Hierdie voordele sluit in die werklike en tasbare positiewe maatskaplike impak wat dit sal hê op kritiese vraagstukke soos die demokratisering van die internet in landelike en laer inkomstegebiede deur die verskaffing van goedkoper vesel regoor Suid-Afrika, die potensiaal wat dit inhou vir werkskepping en ekonomiese groei in ons land.”*

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 40.1%, vanaf R3 529 miljoen tot R2 113 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 39.1%, vanaf 626 sent tot 381 sent, afgeneem het. Die verskil van 100 basispunte in die WVPA-meting vergeleke met wesensverdienste, verteenwoordig die positiewe impak van die aandele teruggekoop gedurende die 2023-finansiële jaar en die tydperk onder oorsig.

'n Kerndryfveer vir die afname in wesensverdienste hou verband met die effek van die korporatiewe transaksies wat in die onlangse verlede geïmplementeer is en waarvan die meeste, nie-herhalende items is. Die moeilike bedryfsomgewing, veral met betrekking tot die handelsresultate van Heineken Beverages, het ook bygedra tot die wesentlike afname in wesensverdienste. Vir die huidige en vergelykende tydperke, het hierdie korporatiewe transaksies, en hul impak op wesensverdienste, die volgende ingesluit:

- die *IFRS 3* amortisasie- en waardeverminderingskoste vir die tydperk onder oorsig van R178 miljoen wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Heineken Beverages beheer oor Distell Group Holdings Beperk (Distell) en Namibia Breweries Beperk (Namibia Breweries) verkry het (Heineken *IFRS 3*-impak);
- Remgro se gedeelte van die negatiewe billike waarde aanpassing (BWA) van TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies) vir die tydperk onder oorsig op sy Natref-voorraad ten bedrae van R377 miljoen, aangesien Natref, ingevolge *IFRS 5*, as “gehou vir verkoop” geklassifiseer is;
- Remgro se gedeelte van die transaksiekoste ten bedrae van R165 miljoen (2022: R19 miljoen), wat aangegaan is ten opsigte van die verkryging, deur Remgro se 50%-belang in Manta Bidco Beperk (Bidco), ‘n nuutgevormde maatskappy wat gesamentlik deur Remgro en MSC Mediterranean Shipping Company SA (MSC) besit word, van die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal van Mediclinic (die Mediclinic-verkryging);
- Remgro se gedeelte van die skuldkwytskeldingswins ten bedrae van R227 miljoen wat verantwoord is deur Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) in die vergelykende tydperk (‘n lener het afstand gedoen van sy reg om ‘n uitstaande bedrag van ‘n lening aan KTH te ontvang) as deel van die verkoop van sy belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk (Actom); en
- Grindrod Beperk (Grindrod) se geëkwiteerde inkomste van R60 miljoen tot sy ontbondeling gedurende Oktober 2022.

Uitgesluit die impak op wesensverdienste van hierdie korporatiewe transaksies, het wesensverdienste met 13.1% van R3 261 miljoen tot R2 833 miljoen, afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik meegebring deur:

- die verlies deur Heineken Beverages bygedra (uitgesluit die Heineken *IFRS 3*-impak) van R208 miljoen, gedeeltelik teengewerk deur Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin) se bydrae van R57 miljoen, vergeleke met Distell se bydrae van R517 miljoen in die vergelykende tydperk;
- ‘n laer bydrae vanaf CIVH, hoofsaaklik as gevolg van hoër finansieringskoste weens ‘n toename in rentekoerse;
- ‘n spesiale dividend van R154 miljoen wat van FirstRand Beperk (FirstRand) ontvang is in die vergelykende tydperk;
- gedeeltelik teengewerk deur verhoogde bydraes van TotalEnergies (uitgesluit die negatiewe BWA op Natref se voorraad), asook RCL Foods en Siqalo Foods as gevolg van verbeterde bedryfsvertonings.

Totale verdienste het ‘n verlies van R2 394 miljoen bedra (2022: ‘n wins van R3 951 miljoen). Hierdie afname in verdienste is hoofsaaklik as gevolg van die afname in wesensverdienste soos hierbo bespreek (R1 416 miljoen), die waardedaling van Remgro se belegging in Heineken Beverages (R3 488 miljoen) en Remgro se gedeelte van die waardedalings van Heineken Beverages se klandisiewaarde wat met die Distell/Heineken-transaksie ontstaan het (R1 819 miljoen). Remgro het ‘n wins met verkoop van R3 384 miljoen, ten opsigte van die Distell/Heineken-transaksie vir die 2023-finansiële jaar, verantwoord. Die afname is deels teengewerk deur die wins gerealiseer met die verkoop van die belegging in DC Foods, Remgro se gedeelte van die wins deur RCL Foods gerealiseer met die verkoop van Vector Logistics, asook Remgro se gedeelte van die wins wat deur Capevin gerealiseer is met die beëindiging van die Gordon’s Gin-ooreenkoms.

Kommentaar op die vertoning van elk van die onderliggende beleggings word in die ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2023 hiermee saam vrygestel.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 4.6%, vanaf R248.47 op 30 Junie 2023 tot R236.95 op 31 Desember 2023, afgeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2023 was R162.48 (30 Junie 2023: R147.05), wat ‘n diskonto van 31.4% (30 Junie 2023: 40.8%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2023, is 'n bruto tussendividend van 80 sent per aandeel verklaar uit inkomste-reserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B- gewone aandele sonder pariwaarde.

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sluit af: *“Ondanks die ooglopende uitdagings en die gevolglike negatiewe vertoning in hierdie tussentydperk, weerspieel hierdie resultate ’n gegewe tydstip. As langtermyn-beleggers vermy ons die statiese evaluasies, veral in tye van konsolidasie. Ons glo in die waarde wat geskep sal word in die ontwikkeling van ons portefeulje, en fokus, as ’n prioriteit, op die implementering van ingrypings om die prestasie van ons kernbates te verbeter. In die sewe dekades wat Remgro besigheid in Suid-Afrika bedryf, is daar suksesvol deur tye van groot onsekerheid en wisselende uitdagings genavigeer en is ons goed geplaas om die huidige storms te trotseer en volhoubare langtermyn-waarde vir belanghebbendes te skep.”*

Kontak:	**Remgro Beperk**
	Lwanda Zingitwa (Beleggerverhoudings): investor.relations@remgro.com
Uitgereik en versprei deur:	**Remgro Beleggerverhoudings**
Uitreikingsdatum:	**19 Maart 2024**
JSE en A2X aandelekode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**

REDAKTEUR SE AANTEKENINGE

Groepprofiel

Remgro, wat oorspronklik in die 1940's deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings versprei oor nege kategorieë. Die maatskappy is op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, in die sektor "Finansieel – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste" genoteer, met die aandelekode "REM". Die maatskappy het sedert 3 Januarie 2022 ook 'n sekondêre notering op die A2X. Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid en media industrieë. Remgro se mees wesentlike beleggings is soos volg: Mediclinic (50.0%-belang), OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group) (30.6%-belang), CIVH (57.0%-belang), Heineken Beverages (18.8%-belang), RCL Foods (80.2%-belang), FirstRand (2.2%-belang), Discovery Beperk (Discovery) (7.7%-belang), Siqalo Foods (100.0%-belang), Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) (50.0%-belang), TotalEnergies (24.9%-belang) en KTH (43.5%-belang). Hierdie beleggings dra ongeveer 89% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.